



“Brood vir Nood” uit Rietfontein-Suid gemeente

- ‘n Mobiele bedieningsentrum vir die gemeenskap uit die gemeenskap

En ons gemeentelede help weer deure vir ander oopsluit.... Want nadat die projek tydens die Barmhartigheidsdiens op Sondag, 29 Julie amptelik in ons gemeente geloods is, het ons mense met oop hande en harte gereageer. Tot op hede is ‘n bedrag van R7500 kontant deur die koeverte geïn en klere lê in sakke gereed vir persone in klere nood. Indien nog persone met die hantering van die klerekas kan help, word u dringend versooek om met ds. Leon van Heerden by tel. 331 2330 in verbinding te tree.

Soos u reeds kennnis geneem het, stel die Brood vir Nood-bedieningsentrum die voorsiening van die volgende in die vooruitsig:

- Die voorsiening van kos en klere
- Geestelike versorging
- Inligting en verwysingsdienste ten opsigte van:
 - Mediese dienste beskikbaar in die omgewing
 - Werkverskaffing- en diensgeleenhede
 - Maatskaplike dienste beskikbaar
 - Woonplekke

Die projek staan in deurlopende beplanning en aanpassing. Tot op hede is tydens ‘n werkswinkel op 9 Augustus bepaalde prioriteite en behoeftes bepaal waaraan mettertyd aandag geskenk sal word. Op hierdie stadium word veral aandag aan die onmiddellike nood aan kos, klere en huisvesting gewerk. In samewerking met die CMR en ander instansies word gepoog om van bestaande gemeenskapsdienste gebruik te maak om mense se nood te verlig.

Die beplanning word nog gestrem deur die behoefte aan die volgende:

- ◆ ‘n Bedieningswa of karavaan (persone of instansies wat sodanige wa kan voorsien/borg se name of advertensie kan by die mobiele eenheid geïnkorporeer word.)
- ◆ Persone wat van hulp kan wees met die hantering van die klerekas en verteenwoordigers om van die ander dienste te laat vlot

Teken die volgende datum op u kalender aan: 12 Oktober 2001 ... hoekom sou u vra? Die vreugde van samesyn en deel met mekaar word ook as deel van die projek geag; daarom is ‘n heerlike kuier-humor-potjiekosaand gereël! Hou asb. die afkondigings in hierdie verband dop. Die heerlike beesstertpotjie met rys, stampmielies, koring, brood en nagereg word deur oom Solly van D’Erikas in Jakarandasentrum voorberei. Die van u wat al van sy potte geëet het, kan getuig van ‘n uitsonderlik smaaklike maal.

Indien dames uit die gemeente as gasvrou vir 'n tafel kan optree, kan u met Celia Booyse by tel. 330 0773 / 083 782 2611 in verbinding tree om sodanige reëlings te tref. Pryse vir die bes versierde tafel word uitgeloof en sit jy op 'n stoel met 'n plakkertjie, kan dit jou 'n handvol biltong of iets dergliks besorg.

Ons weet dat al hierdie dade van die woord, sal groei tot 'n grootse projek vanuit die gemeenskap tot voordeel van die gemeenskap!!

NAMENS DIE BROOD VIR NOOD-KOMITEE

Kontaknommers: ds Leon van Heerden (Voorsitter) : 331 3023 / 082 3683592
 Celia Booyse (Skakelpersoon) : 330 0773 / 083 782 2611



Vir die kleingoed:

Video's, video's video's

Wanneer: In die volgende paar weke

Waaroer: Video's oor die lewe van Jesus in animasie

Hoeveel: 'n volle 26 van hulle

Die video's is in 'n maklike Engels - hier is sommer 'n gulde geleentheid om jou Engels op te skerp

Die volgende titels is onder meer beskikbaar:

The tomb is empty	Go forth in my name
Lazarus	Fishers of men
The baptism according to John	A new kind of justice
The child among wise men	The master story teller

Indien jy die bovenoemde as legkaart moes bou,